

**NUUSBROKKIES   MEI 2023   I   UITGAWE 14**

# LANDELIKE ONTWIKKELING

## Onteieningwetsontwerp - Vrystaat Landbou sal nie terug deins nie

"Ons kan nie die insluiting van 'nul vergoeding' ondersteun nie."

Afgevaardigdes van Vrystaat Landbou het namens ons lede, die boere van die Vrystaat, die openbare verhore van die Portefeulje komitee vir Infrastruktuur en Ontwikkeling oor die Onteieningswetsontwerp vanaf 24 - 31 Mei 2023 bygewoon en dit weereens  duidelik gemaak dat Vrystaat Landbou nie die Onteieningswetsontwerp in sy huidige vorm ondersteun nie.

Vrystaat Landbou is van mening dat vandag se boere nie alleen verantwoordelik is vir historiese gebeure nie en daarom nie verplig kan word om die las te dra om onteiening buite verhouding aan te spreek nie. Dit is 'n kollektiewe verantwoordelikheid.

**Lees meer**



Die 1ste verhoor in Bethlehem op 24 Mei.


Die span van Vrystaat Landbou tydens die Bethlehem verhoor.




# LANDELIKE VEILIGHEID

## Waar staan ek, jy & ons gemeenskap?

Veiligheid bly een van Vrystaat Landbou se hoof fokusareas.
Jakkals le Roux, voorsitter van die Landelike Veiligheid komitee herinner lede weer aan die belangrikste punte om in ag te neem en waarvolgens u moet beplan om u veiligheid te verbeter.
1. *VEILIGHEIDSPLANNE OPDATEER* - maak seker dat kontaknommers van sektorleiers en ander belangrike kontakpersone opgedateer en bygehou is in 'n gebeurlikheids-/veiligheidsplan, veral ook tov belangrike infrastruktuur wat in die area bestaan waar sekere persone gekontak kan word.

2. *NOODSAAKLIKHEID VAN 'N BEHEERKAMER* – Hierdie is 'n belangrike punt waarna elke boerderygemeenskap moet kyk en oorweging skenk binne die hulpbronne tot hul beskikking. Elke area/streek/distrik behoort verkieslik oor sy eie beheerkamer te beskik en hul kameras moniteer (in samewerking met wie hul goeddink). Effektiewe kommunikasie moet bewerkstellig kan word indien die kragnetwerk platval, veral met 'n simpleks radiokanaal en -verbinding.

3. *KOMMUNIKASIE* - Indien die kragnetwerk platval, sal selfone waarskynlik binne 'n kort tyd nie meer werk nie. Slegs satellietverbindings sal moontlik nog oor funksionaliteit beskik. Daarom is tweerigtingradio's en 'n simpleks radiokanaal met herleiers van kardinale belang.

4. *INLIGTING* – Dit is belangrik dat alle inligting tov enige moontlike risiko of bedreiging rakende veiligheid of misdaad aan toegewysde persone/veiligheidsverteenwoordigers van boereverenigings/ gebiedskantore of VL deurgegee word, vir verdere skakeling met wetstoepassers in die area vir die nodige aandag.

5. *KENNIS / BEMAGTIGING* – Dit is en bly belangrik dat alle boere en gemeenskappe hulle bemagtig met die nodige kennis oor hoe om misdaadverwante en veiligheidsaspekte binne die raamwerk van die wet aan te spreek. Vrystaat Landbou, in samewerking met LGV, bied opleidingskursusse aan landbougemeenskappe. Kontak vir **Pieter Kemp** om meer inligting rakende die opleiding te bekom.




# LANDELIKE VEILIGHEID (vervolg)

## Verdagte hommeltuie? Hoe om op te tree

VL het die afgelope maand klagtes vanaf 5 boerderygemeenskappe ontvang oor hommeltuie ('drones') wat gedurende nagtelike en vroeë oggendure oor plase en opstalle vlieg. Boere is bekommerd dat die vliegpatrone moontlik verband kan hou met die pleeg van sekere misdade in hul areas.

Dr Jane Buys van Vrystaat Landbou bevestig dat navrae aan verskeie maatskappye en organisasies gedoen is wat moontlik oor sodanige hommeltuie kan beskik. Geen positiewe resultate is egter opgelewer nie.

Die saak was dus op 11 Mei 2023 by Agri SA se Landelike Veiligheid vergadering opgehaal waar nog 4 provinsies dieselfde probleem ondervind. Daar was besluit dat die kwessie op provinsiale en nasionale prioriteitskomitee vergaderings onder die polisie se aandag gebring sal word vir die nodige handeling.

***Hoe moet boere optree?***

Boere word versoek om ag te slaan daarop dat hommeltuie wat gedurende nagtelike ure vlieg ’n oortreding uitmaak van die “South African Civil Aviation Authority (SACAA) Part 101” wetgewing en regulasies, en dat die polisie in Februarie 2023 alreeds 19-20 klagtes op hul MAS-stelsel aangebring het wat verband hou met hommeltuig oortredings.

Veiligheidsverteenwoordigers word versoek om waar hommeltuie opgemerk word, die tyd en GPS-koördinate, asook ’n moontlike foto deur te gee. Boere moet klagtes by die polisie aanmeld asook enige probleme wat daaruit kan voortspruit met VL opneem. Enige inligting kan persoonlik via WhatsApp of epos aan **Dr Jane Buys** gerig word.

## Veiligheidsopleiding

VL se Landelike Veiligheidskomitee en LGV, ’n privaat sekuriteitsmaatskappy, is al vir meer as ’n jaar effektief betrokke by die aanbieding van veiligheidsopleiding vir boerderygemeenskappe in die Vrystaat.

Die opleiding word primêr deur Vrystaat Landbou befonds danksy fondse vanaf borge bekom. Boereverenigings of gebiedskantore betaal ’n minimale bedrag vir persone wat die opleiding wil ondergaan. Tot 40 persone kan per kursus opgelei word.

Boerderygemeenskappe wat nog ’n behoefte het rakende opleiding, word versoek om met **Pieter Kemp** in verbinding te tree.



# KOMMERSIëLE SAKE

## Beurtkrag verwring vleispryse

"Vleispryse op winkelrakke styg drasties, terwyl die speenkalfpryse wat boere ontvang op 'n vyf-jaar laagtepunt is." Dr Jack Armour, kommersiële bestuurder van Vrystaat Landbou (VL), sê speenkalfpryse is tans 20% laer as 'n jaar gelede.

Die implikasie van die huidige markomgewing is dat boere vleis produseer teen 'n 2023-kostebasis, maar ten beste 'n inkomste gelykstaande aan 2018-pryse ontvang. Die feit dat die vraag en aanbod na vleisprodukte stabiel is, dui daarop dat eksterne faktore die vleisbedryf se prysmeganisme verdraai. Een van hierdie faktore is beurtkrag. **Lees verder**

## Identifikasie- en naspeuringstelsel (LITS)

Na aanleiding van die mandaat wat gedurende die 2022 Vrystaat Landbou Kongres deur lede aan VL gegee is, het die Kommersiële Sake komitee 'n ondersoek van stapel gestuur na 'n identifikasie- en naspeuringstelsel om die ernstige kwessie van veesiektes sowel as veediefstal in die provinsie aan te spreek.

VL het met talle rolspelers vergader wat hardeware (etikette, skandeerders en mikroskyfies) en sagteware (plaasbestuur en bedryfsvlak databasisse) oplossings verskaf. Christo Doman, VL-streekverteenwoordiger en dr Jack Armour het die ondersoek gelei met die noukeurige monitering en bystand van Francois Wilken (voorsitter) en Gernie Botha (HUB).

Met 'n nasionale lewendehawe identifikasie- en naspeuringstelsels (LITS) wat steeds nie beskikbaar is nie en 'n veiligheidsprobleem deur veeboere om hul data op 'n staatsbeheerde stelsel te plaas, is die besluit geneem om eerder die implementering van ons eie databasis te oorweeg wat maklik datavorms van boere se bestaande veebestuur- en stoettelingprogramme kan oplaai.

Nadat al die opsies, die gebruiksgemak, vloei (interprovinsiaal), rugsteun, bewys van konsep en maklike inskakeling van kleiner kuddes (bekostigbaarheid) opgeweeg is, is daar besluit om met amptelike onderhandelings te begin om ‘n spesifieke databasis te bekom.



# KOMMERSIëLE SAKE (vervolg)

## Veldbrande

Vrystaat Landbou is bewus van twee brande wat reeds gedurende die begin van die brandseisoen voorgekom het. Dit blyk dat die brande in die Suid-Vrystaat deur ESKOM-kontrakteurs veroorsaak is.

VL het ESKOM gekontak en daarop aangedring dat die protokol vir toegang tot plase, brandbewustheid en paraatheid weer aan alle kontrakteurs oorgedra word.

Ons doen 'n beroep op alle lede om hul eie brandnoodplan in plek te hê vir hul plase. Dit behels onder meer:
- Toerusting moet gereed en in werkende toestand wees;
- Werkers moet opgelei en toegerus wees met PPE's
- Betrokkenheid by u plaaslike Brandbeskerming-vereniging (BBV)

Dit is verder noodsaaklik dat alle Brandbeskerming-verenigings behoorlik geregistreer is by en voldoen aan die vereistes van die Departement van bosbou, visserye en die omgewing. Die provinsiale amptenaar verantwoordelik is mnr Qapela Ndabankulu, Tel: 051 400 3504, Sel: 060 973 2058 & E-pos: ndabankuluq@dffe.gov.za

## Voorgestelde raskwotas op waterlisensies

Vrystaat Landbou is bewus van die voorgestelde waterlisensie regulasies wat vereis dat 75% van aandeelhouding aan swart Suid-Afrikaanse burgers oorgedra moet word.

Vrystaat Landbou en Agri SA is van mening dat die voorgestelde regulasies 'n verwoestende uitwerking op die kommersiële landbousektor sal hê indien die regulasies in sy huidige vorm aanvaar word.

"Vrystaat Landbou sal tesame met Agri SA aan die kommentaar proses deelneem en verdere stappe word nie uitgesluit nie" , sê VL hoof uitvoerende beampte, Gernie Botha.



# LEDESAKE

## 2023 Jaarkongres

*"Wie gaan die vakuum vul?"*

Almal is bewus van en kla oor die toestand van paaie, gebrek aan elektrisiteit, misdaad, ens, maar wie gaan dit aanspreek en die situasie omdraai?



Hierdie en ander kwessies gaan onder die loep kom tydens Vrystaat Landbou Kongres op **2 & 3 Augustus 2023** in Bloemfontein. Mnr Jan Oberholzer, voormalige hoof operasionele beampte van Eskom, tree as een van ons sprekers op.

Alle lede is welkom om die Kongres by te woon.
Registrasievorms kan **hier** afgelaai word en moet asseblief aan u boerevereniging voorsien word. Kontak vir cynthia@vslandbou.co.za indien u enige navrae het.

## 2023 Landbouvereniging van die Jaar

Landbouverenigings is die gom van hul gemeenskap en verdien die erkenning wat hul toekom!

Daarom moedig ons alle landbouverenings aan om deel te neem aan Vrystaat Landbou se Landbouvereniging van die Jaar kompetisie. Afgesien van goeie blootstelling, is daar ook 'n lekker kontantprys op die spel!

Die wenners word op 2 Augustus tydens die Kongres Aandfunksie aangekondig. Inskrywings sluit 23 Junie.

Navrae kan gerig word aan cynthia@vslandbou.co.za



# ARBEIDSAKE

## Wet op vergoeding vir beroepsbeserings & siektes

Lede moet daarop let dat die sperdatum vir die verklaring van die lone aan die Vergoedingsfonds uitgestel is na 30 Junie 2023. Dit is vanweë tegniese probleme op die Departement van Indiensneming en Arbeid se webtuiste.

Indien u steeds 'n probleem ondervind om u opgawe in te dien, probeer weer na ‘n paar dae of kontak **Stephan Pietersen**

## Pasop vir swendelaars!

Ons versoek lede om waaksaam te wees wanneer transaksies met onbekende verskaffers oorweeg word.

Gernie Botha, hoof uitvoerende beampte van Vrystaat Landbou, sê dat inligting daarop dui dat daar persone is wat geleenthede uitbuit en in aktiwiteite betrokke is wat landbouers skade laat ly. Dit kom veral voor met die verkoop en voorsiening van diesel.

"Maak asseblief seker met wie u in besigheid tree om te verhoed dat u skade ly deurdat ‘n verskaffer nie is wie hy voorgee om te wees nie.”

## Ondersteun gerus ons diensverskaffers en besigheidsvennote


DigiComs Telephony & Internet Provider

King Price Insurance Personal • Commercial • Life Agri

NISSAN

STAR LUBRICANTS Agri Veiligheid

WORK ACCIDENT SUPPORT


**Vriendelike herinnering dat VL LEDEGELD teen 31 Julie 2023 opbetaal moet wees.**